VRYPOS
Weeklikse Nuusbrief van die NG Kerk Vrystaat

Jaar 14 - Uitgawe 22
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

22 Julie 2016

Welkom terug, mag elke leser 'n geseënde en suksesvolle derde kwartaal beleef...

1. BOEKBEKENDSTELLING – JUBELJAAR FOTOBOEK: Die bekendstelling van die fotoboek, *NG Kerk Familie Vrystaat – 150 Jaar*, is op 14 Julie 2016 tydens die *Vryfees* bekend gestel. Ds Barnard Steyn was die gespreksleier, met ds Jan Lubbe (leraar NG Berg en Dal), Jan van der Merwe (redakteur van die fotoboek) en Jan en Petria Smit (argitekte), as gassprekers tydens hierdie geleentheid. Dié pragtige boek is beskikbaar @ R180 per kopie, kontak vir Christelle by die Sinodale Kantoor by 051 406 6700, of stuur 'n e-pos aan kerkkantoor@ngkvs.co.za



Voorblad van Fotoboek

Agterblad van Fotoboek

Vlnr: Jan vd Merwe, Jan Lubbe, Jan en Petria Smit en Barnard Steyn

2. WATER LEWE FOTOKOMPETISIE: Inskrywings vir hierdie kompetisie het reeds op 15 Julie gesluit en die wenners word binnekort aangewys. Hier is nog 'n paar van die inskrywings wat ontvang is:

Kategorie - Dors na Water:

Kategorie - Woeker met Water:

Kategorie - Wonder van Water:

3. NG KERK ROEP SY LIDMATE OP OM HOOP TE BRING TYDENS DIE MUNISIPALE VERKIESING:

Die 2016-munisipale verkiesing op 3 Augustus word wyd beskou as een van die moeilikste en belangrikste verkiesings tot op datum. Dit feit dat tweehonderd meer partye vanjaar deelneem as tydens die vorige verkiesing in 2011, is waarskynlik tekenend hiervan. Die verkiesing vind plaas teen die agtergrond van die ekonomiese gaping tussen ryk en arm wat in die huidige ekonomiese bedeling nog verder vergroot. 'n Onvergenoegdheid met onder andere die huidige politieke leierskap op alle vlakke van regering, swak dienslewering, werkloosheid en armoede, het ongekende frustrasie, aggressie en woede by veral diegene wat grootliks afhanklik is van die staat, tot gevolg. Tekenend hiervan is die toename in stakings en protesaksies gedurende die afgelope jare. Ons versoek nou alle lidmate om saam met ons te bid vir die verkiesing en die uitkoms daarvan. Gebed is immers 'n geloofsbelydenis dat bo alles, God in beheer is. Met die oog op die munisipale verkiesing op 3 Augustus, vra ons dat onder meer vir die volgende sake voorbidding gedoen word:

- Vir 'n vrye en regverdige verkiesingsproses sonder omkopery, manipulasie, intimidasie.
- Vir die regte gesindheid van kandidate van die verskillende partye en die politieke leiers.
- Vir vrede tydens en na die verkiesing, ongeag die uitslag daarvan.
- Vir verkose leiers wat hulle sal beywer vir geregtigheid en vrede, versoening en positiewe nasiebou, en die verligting van armoede en werkloosheid.

Klik **hier** om verder te lees.

4. GEMEENTES BIED AAN:

NG LANGENHOVENPARK: Die koor van die Hoërskool Goudveld (onder leiding van Gerda Koekemoer), tree op **Sondag 24 Julie 2016** op tydens die **oggenddiens om 9:00** in die NG Kerk Langenhovenpark, Bloemfontein. Kom deel gerus in hierdie ontmoeting met die lewende Here.

NG SMITHFIELD: Hulle basaar vind op **Saterdag 30 Julie 2016 vanaf 09:00** by die kerk plaas.

NG BOSHOF: Hierdie gemeente bied op **Saterdag 13 Augustus 2016 om 09:30 vir 10:00,** 'n oggendtee vir mans en dames in die skoolsaal van Hoërskool Boshof aan. Die spreker tydens hierdie geleentheid is dr Hannelie Groenewald, wie se hele gesin in Kaboel, Afghanistan uitgewis is, sy kom deel haar lewensverhaal… Die koste is R80pp en navrae kan gerig word aan Estie Botha by 083 976 3504, of die kerkkantoor by 053 541 0171.

NG HOSPITAALPARK: 'n Pretstap van 5km word op **Saterdag 20 Augustus 2016** deur hierdie gemeente aangebied. Oud en jonk, asook gesinne is welkom om rustig te kom saamstap, aangesien tyd nie 'n faktor gaan wees nie. Dit begin by die NG Gemeente Hospitaalpark te Mayostraat, **inskrywings kan vanaf 07:45 gedoen word en die stap begin om 08:30**. Koste beloop R15 per volwassene en R10 per kind, vir navrae kontak Willie by 082 829 4310, geluk spryse gaan ook by hierdie geleentheid getrek word.

UITNODIGING NA 'N DANKBAARHEIDSFEES: Die **NG Gemeente Hartswater**, Noord-Kaap vier hul 70ste verjaarsdag op **Saterdag 27 Augustus 2016** by die Hoërskool Hartswater. Hulle nooi alle oudlidmate- en predikante met hul families uit om saam te kom deel hê aan hul vieringe, klik **hier** vir meer inligting. Kontak vir Elize by die kerkkantoor by 053 474 0612, of 082 948 2609.

5. WERKSWINKEL / KONFERENSIE:

Werkswinkel oor Kreatiewe Fasilitering te Menuha: By hierdie werkswinkel (**4 & 5 Augustus 2016**), stel Roelf Opperman (leraar, NG Kameeldrif), Johan van den Heever (leraar, NG Eldoraigne) en Fritz Snyman (leraar, NG Universiteitsoord) van die *Bronze Baobab* Toerustingsgroep (**http://bronzebaobab.com**), deelnemers aan die volgende bloot:

- die teorie en praktyk van fasilitering
- fasilitering van konfliksituasies
- fasilitering in vasgelooptheid (*stuckness*)
- bestuur van verandering
- akkommodering van verskillende spiritualiteite
- kommunikasievaardighede binne groter groepe
- praktiese gereedskap (*tools*) vir kreatiewe fasilitering

Datum: Donderdag 4 Augustus vanaf 10:00 tot die namiddag van Vrydag 5 Augustus 2016
Plek: Menuha, tussen Brandfort en Bloemfontein (klik **hier** vir 'n roetekaart)
Koste: R 200pp (eie reiskoste)
Inskrywings/navrae: Joanie by **gemeentes@ngkvs.co.za** **teen Vrydag 22 Julie 2016 (plek vir slegs 20 kursusgangers)**

Die Bybel in gedrang? 'n Twee-dag konferensie: Hierdie konferensie wat fokus op die gesag van die Bybel in hedendaagse konteks, vind op **3 en 4 November 2016** by die NG Moederkerk George plaas – belangstellendes kan **hier** klik vir meer besonderhede.

6. Help2Rest-PROJEK:

Ds Theo Oosthuyzen van die NG Gemeente Senekal is tans besig om hierdie projek van die grond af te kry met die eintlike doel om dit vir geestelike leiers moontlik te maak om jaarliks 'n gratis vakansie te gaan hou. Hulle wil 'n diens verskaf aan predikante en hul gesinne, deur te begin by die NG Kerk, maar sal dit graag wil uitbrei na alle ander denominasies. Die projek sal uiteindelik graag jaarliks vir predikante, vier weke gratis vakansieverblyf wil verskaf en selfs ook tydens afnaweke vir hulle 'n heenkome bied. Klik **hier** vir ds Theo se brief met meer inligting hieroor.

7. NUUSBRIEWE / PUBLIKASIES:

Aurora Nuusbrief: Die Aurora Sentrum het hul 50-jarige bestaan gevier, lees meer hieroor, asook oor hul fondsinsamelingsgeleentheid op 11 Junie 2016 - klik **hier**.

Torings van Hoop: In hulle mid-jaar nuusbrief, kyk hulle met dankbare harte terug op wat die laaste paar maande by Torings gebeur het:

- 'n Kort refleksie op wat dit beteken om deel te wees van iets wat 'n groot verskil in Bloemfontein maak
- Terugvoer op Torings van Hoop se betrokkenheid by PROJEK WINTERHOOP
- Kort aangrypende verhaaltjies van 'n dankbare straatpersoon en die kind van een van hulle PCB spanlede
- 'n Refleksie op die ontdekking van die menswees van 'n prostituut
- En 'n teken van hulle 'onthou' van een van die mense wat onlangs gesterf het

Klik **hier** om die nuusbrief te lees.

Missie Japan Nuusflits: Klik **hier** om meer oor hul werksaamhede te lees.

Bybel-Media Nuusbrief 14/2016: Die fokus is op die jongste *Kerkbode* en vier publikasies – twee nuwe publikasies en twee e-Boeke – lees alles **hier**.

CLF publikasies: Lees **hier** oor die morele regenerasie-maand, asook van nuwe beskikbare pamflette en publikasies.

8. PREDIKANTE- EN BEROEPENUUS:

Ds CEG (Chris) Schutte van die NG Gemeente Brandfort, het op 30 Junie 2016 emeritaat ontvang.

Ds Herhold la Grange van die NG Gemeente Tweeling, neem vervroegde pensioen met ingang 31 Julie 2016.

Dr JC Marais van die NG Gemeente Marquard ontvang emeritaat op 31 Julie 2016. Hy word weer **met ingang 1 Augustus 2016 as 'n Vastetermyn, kontrakleraar aangestel en** sal op Sondag 7 Augustus 2016 bevestig word.

Prop Pieter Mohr van Niekerk word DV **Sondag 24 Julie om 09:00** in die **NG Gemeente Kroonheuwel-Noord in Kroonstad, as leraar in 'n Vastetermynpos van twee jaar bevestig**. Na die bevestiging sal hy sy intreepreek lewer en die nagmaal bedien. Leraars en emeriti wat nie met hulle eie eredienste besig is nie, is baie welkom om hierdie geleentheid by te woon.

Ds PM (Pieter) Cockeran van NG Gemeente Harrismith het 'n beroep na die NG Gemeente Windhoek-Eros (Sinode Namibië) ontvang.

Ds MC (Marius) Barnard van die NG Gemeente Reitz ontvang 'n skeidingspakket en kry op 31 Julie 2016 demissie.

AFLOSLERAAR: Emeritusleraar , ds Fanie Schoonees van Bloemfontein, is beskikbaar vir preekbeurte waar nodig. Kontak hom by 051 446 1271 (h), of 082 829 8721.

Dit is met leedwese dat ons verneem het van die **afsterwe van dr Eduan (Eduan Johan) Hay op 9 Julie 2016 in Wellington.**

Hy is op 23 Desember 1932 in Aberdeen gebore as een van vier broers waarvan drie (Eduan, Francois en Johnnie) in die bediening was. Na 'n paar jaar in die onderwys het hy teruggekeer na die Universiteit van Stellenbosch om Teologie te studeer en was hy onder andere lid van die Universiteitskoor en het as voorsitter van die destydse CSV gedien. Hy is in 1963 georden as predikant in Noorder-Paarl en was daarna ook in George, die Kaapse Jeugkantoor, Bosmanstraatkerk in Pretoria, Universitas en Kovsiekerk in Bloemfontein in die bediening. Hy het sy bediening afgesluit as predikant in diens van die Algemene Sinode met opdrag Opvoeding en Onderwys, waar hy in 1997 emeritaat aanvaar het. Sy lewe het altyd getuig van 'n groot liefde vir die jeug.

Dr Hay word oorleef deur sy vrou Eunice, kinders Minda, Theo, Eduan en Annelize, hulle gades en nege kleinkinders. 'n **Troosdiens sal op 24 Julie om 14:00 in Silwerkruin Huis vir Bejaardes in Wellington deur ds Theo Hay van Suider-Paarl gelei word.**

(Dankie aan Marieta Visagie van Sinode Wes- en Suid-Kaap vir hierdie inligting)

9. VAKATURES:

ENGO PROVINSIALE KANTOOR: Beskik tans oor vakatures vir 'n Supervisor, Maatskaplike werk in die Sentraal-, sowel as die Oos-Vrystaat. Klik **hier** vir meer besonderhede oor pos in Sentraal-Vrystaat en **hier** vir die een in die Oos-Vrystaat, die **sluitingsdatum is reeds Maandag 25 Julie 2016.**

Die **NG Gemeente Paarl-Vallei in die Paarl** beskik oor 'n vakature vir 'n **medeleraar** – klik **hier** vir al die inligting. Die **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 5 Augustus 2016 om 12:00** en diensaanvaarding is onderhandelbaar vanaf Oktober 2016.

Uitvoerende Hoof - Bybel-Media Groep, Wellington Wes-Kaap: Hierdie pos word vanaf 1 Januarie 2017 vakant, klik **hier** vir al die inligting – die **sluitingsdatum Maandag 15 Augustus 2016.**

10. VERJAARSDAE:

Baie geluk aan die personeellid en leraars wat gedurende die komende week verjaar, seënwense vir die nuwe lewensjaar:

24 Julie:
Mev Christa Botes - ARGIEFKANTOOR - 051 406 6700 (k), 084 501 1009, **inlig@ngkvs.co.za**
Ds Eddie Botha - LEEUWBERG - 051 443 8715, 082 959 411, **eddiebotha@gmail.com**

28 Julie:
Dr Juppi Steurer - SASOLBURG FONTEIN - 016 976 6360, 082 375 0403, **steurer@telkomsa.net**

11. TEN SLOTTE:

Maak in die nuwe kwartaal hierdie bekende gebed deel van jou alledaagse lewe...



Groetnis tot volgende keer.

THEA BOSMAN

Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

INDIEN JY OP *VRYPOS* WIL INTEKEN, KLIK hier **(meld asseblief ook jou gemeente/dorp)**

AS JY *VRYPOS* WIL KANSELLEER, KLIK hier

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by kerkinfo@ngkvs.co.za – stuur ook enige nuusgebeure, inligting na hierdie adres.

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: http://www.ngkerkvrystaat.co.za/

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: Like

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

BID VIR DIE MUNISIPALE VERKIESING:

Die mededinging om kiesers dryf tans die politieke spanning in die land op die spits. Dit het ’n uiters ongesonde verkiesingsklimaat tot gevolg. Onverdraagsaamheid, intimidasie en betogings ruk op plekke hande uit, soveel so dat daar selfs faksiegevegte en politieke moorde voorkom. Volgens die Onafhanklike Verkiesingskommisie (OVK), moet die gewelddadige betogings in aanloop tot die munisipale verkiesing nie net die kommissie bekommer nie, maar alle Suid-Afrikaners.

Hierdie omstandighede bied egter aan die lidmate van die NG Kerk 'n besondere geleentheid om getuienis te lewer van ons geloofsoortuigings. Die kerk is gebore uit die gebeure van Christus se lyding en opstanding te midde van geweldige politieke frustrasie. Die kruis en opstanding van Jesus het egter nuwe perspektiewe geopen en buitengewone hoop gebring. In die koninkryk van Christus kon ons sedertdien met ander verwagtings en waardes leef. Ons fokus is nie meer op eie belang en magsvertoon nie, maar op Christus se geregtigheid en vrede vir almal. Ons het ‘n hoopgewende alternatief vir magspolitiek en selfsug. Die bydrae van christene tot ons land en wêreld is dus in hierdie dae van geweld en stryd om Christus se liefde, geregtigheid en vrede, sy diensbaarheid en selfloosheid te verkondig en te beliggaam. Verder is ons sekerheid van God se teenwoordigheid ‘n blywende inspirasie om Hom na te volg. Galasiërs 5: 21 sê teenoor die praktyke wat deur die sondige natuur van mense geïnspireer word, is die vrug van die Gees liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Só bring Hy deur ons hoop.

Ons is as kerk besorg oor ons talle mede-landsburgers wat nie toegang tot skoon water, ordentlike opvoeding, goeie mediese sorg, behuising, werksgeleenthede ens het nie. Ons glo dat goeie administrasie en bestuurspraktyke, goeie dienslewering, en morele leierskap in elke dorp en stad grootliks sal bydra tot geregtigheid en die menswaardigheid van ons land se mense. Ons bid daarom dat die nuutverkose leiers van plaaslike regerings hulle volle aandag hieraan sal wy en in die styl van Christus hulle naaste met ‘n gees van toewyding en selfloosheid sal dien.

TERUG NA INHOUD

CLF

Morele regenerasie-maand

Gedurende Julie vier ons Morele regenerasie-maand, maar baie sal die vraag vra: “Morele regenerasie? – ons sien net morele verval oral rondom ons!” Ons as Christene en kerk kan en moet ’n toonaangewende rol speel in die ontwikkeling van morele identiteit in ons gemeenskappe. Hoe LEEF ons as Christene en kerk elke dag ons Christenskap en maak ons ’n impak in ons gemeenskap?

Christelike Lektuurfonds se lewensveranderende lektuur kan prakties bydra om gemeenskappe te help om gesonde lewenskeuses te maak. Daar is pamflette vir kleingoed en tieners om vroeg in hulle lewe te help besluite neem oor reg en verkeerd, boelies, dwelms, seksualiteit, geldsake en vele meer. Daar is ook lektuur vir diegene met vrae oor egskeiding, gesinsgeweld, mishandeling, depressie, korrupsie, en gay-wees. Die belangrikste is natuurlik pamflette met ’n evangelisasie en geloofsgroei inhoud wat moedelose en vuisvoos gemeenskappe kan vertel van ’n genadige en liefdevolle Vader wat hulle as sy kinders wil aanneem en wil lei.



Elke lidmaat kan hierdie lektuur daagliks, onder leiding van die Heilige Gees, op verskillende maniere benut om lewens aan te raak. Plaas dit in 'n biblioteekboek wat jy terugneem en seën so die volgende een wat dit uitneem, plaas dit in 'n wagkamer by die dokter of kliniek, gee vir jou kind se crèche daarvan, plaas dit by jou werksplek of in die kleedkamer van 'n vulstasie. Die opsies is oneindig as jy net bereid is om God se instrument in jou gemeenskap te wees.

Christelike Lektuurfonds se nuutste publikasie ***"Die avonture van Maria en Braam"***, 'n kinderstorieboek wat vertel dat ons as God reënboogkinders almal besig is om God se storie te skryf, is ook 'n ideale hulpmiddel (beskikbaar teen R90, posgeld uitgesluit) om jong kinders te leer om volgends God se lewenswaardes saam met ander te leef. Gemeentes wat fokus op geestelike versterking van gesinne in minderbevoorregte areas, kan gesinne seën met ***"Ons leef soos kinders van God"*** (beskikbaar teen R80, posgeld uitgesluit).





Besoek Christelike Lektuurfonds se webtuiste by **www.clf.co.za** of skakel ons by (021) 873 6964 vir hulp om jou keuse uit die velerlei pamflet-onderwerpe te maak, of om boeke aan te koop.

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – MEDELERAAR, NG PAARL-VALLEI:

Aansoeke vir bogenoemde pos word ingewag - in biddende afhanklikheid voor God.

GEMEENTEPROFIEL: 1 314 belydende lidmate en 360 dooplidmate uit alle ouderdomsgroepe.

GEMEENTE-BELYDENIS: *Ons word geseën om vir ander tot seën te wees van die Paarl tot aan die eindhoeke van die wêreld. Ons is die liggaam van Christus. Ons is vrygemaak om nuut te lewe. Ons loop waar Jesus lei. Hy lei ons deur sy Woord en sy Gees. Ons is almal kinders van die Vader. Ons leef in liefde saam. Ons versorg mekaar. Ons doen wat reg is. Ons gee saam vir ander om. Ons deel graag die Goeie Nuus. Saam laat ons die Koninkryk kom.*

HULLE IS OP SOEK NA 'N LERAAR WAT:

- minstens 10 jaar gemeente-ervaring het
- hom/haar sal tuisvoel binne die gereformeerde/evangeliese spiritualiteit van die gemeente
- hom/haar kan vereenselwig met die geloofsraamwerk van ons gemeente-belydenis en hom/haar met passie daarbinne kan uitleef
- die gawe van leierskap het, asook die vermoë om 'n gemeente strategies te begelei en te inspireer/motiveer (kennis van die natuurlike kerkgroei-model sal 'n bonus wees)
- die vermoë het om inspirerende eredienste te fasiliteer (musikaliteit en die vermoë om 'n sangkultuur verder uit te bou sal 'n bonus wees)
- die vermoë het om dinamies te preek sodat mense graag na die preke wil kom luister
- die vermoë het om die gemeente opgewonde te maak en te help mobliseer vir die uitreik na ongelowiges en behoeftiges regoor die wêreld (ons gemeente het verskeie uitreikaksies en ondersteun ook 20 sendelinge wêreldwyd)
- die vermoë het om selgroep-bediening verder uit te bou
- die vermoë het om pastoraal mense met liefde te begelei
- die vermoë het om goed in spanverband saam te werk

VERGOEDING: Volgens sinodale aanbevelings. Pastorie beskikbaar.

DATUM VIR DIENSAANVAARDING: Onderhandelbaar vanaf Oktober 2016.

AANSOEKE: 'n Aansoekbrief, vergesel van u CV, asook gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies, moet per geregistreerde pos of e-pos gestuur word aan:
Per geregistreerde pos: Die Voorsitter Pre-advies Kommissie, NG Gemeente Paarl-Vallei, Suite 7261, Privaatsak X3041, Paarl 7620
Per epos: info@paarlvalleigemeente.co.za

Kandidate moet beskikbaar wees vir onderhoude.

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: Vrydag 5 Augustus 2016 om 12:00

TERUG NA INHOUD

VAKATURE: UITVOERENDE HOOF - BYBEL-MEDIA GROEP, WELLINGTON WES-KAAP:

Die Bybel-Media (BM) Groep van maatskappye is 'n diens van die NG Kerk. Dié diens stel Christelike inhoud vir geloofsvorming en bediening in 'n verskeidenheid mediaformate aan 'n breë Christen-gehoor beskikbaar. Donateurs speel 'n belangrike rol in die finansieringsmodel. BM het **vanaf 1 Januarie 2017 'n vakature vir 'n Uitvoerende Hoof in permanente hoedanigheid.**

Die Uitvoerende Hoof rapporteer aan die direksie en is verantwoordelik vir die strategiese en operasionele bestuur van dié multimediagroep. Die klem is op transformasie om BM optimaal toekomsgerig te bly posisioneer. Leierskap en bestuur fokus op talentbestuur, kreatiewe produkte, die ontwikkeling en instandhouding van fondswerwingsprogramme, asook die optimale aanwending van bronne om langtermyngroei en finansiële volhoubaarheid te verseker. Die Uitvoerende Hoof is die openbare gesig van die maatskappy en 'n dinamiese leier. Die volgende kriteria word by die aanstelling in oorweging geneem:

- Goeie taalvaardigheid in Afrikaans en Engels.
- Lidmaatskap van 'n gereformeerde kerk.
- Teologiese opleiding en praktiese ervaring in die bediening, met 'n passie vir die kerk van Jesus Christus en liefde vir die Here.
- Goeie kennis van die media- en publikasiewêreld, oopkop en met insig in die unieke bedryfsvereistes van BM en die digitale media-landskap.
- Finansiële bestuurskundigheid met begrip van fondswerwingsprogramme, bemarking en verkope.
- Vorming en bestuur van netwerke.
- 'n Spanwerker wat beskik oor uitstekende kommunikasie-, onderhandelings- en talentbestuursvaardighede.
- 'n Tersiêre kwalifikasie in bestuur of praktiese bestuurservaring.

Vergoeding: Mededingend.

Kandidate moet bereid wees om aan evaluering deel te neem. Die direksie behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoekers te maak nie. As jy aan die posvereistes voldoen, **stuur jou CV in elektroniese formaat** aan direksie@bmedia.co.za. Verskaf in jou dekbrief die motivering waarom jy aansoek doen en 'n kort opsomming waarom jy jouself in hierdie rol sien.

Aansoeke sluit: 15 Augustus 2016
Diensaanvaarding: 1 Januarie 2017
Navrae:
Danie Mouton, voorsitter, 082 9234 178 of danie@ngkok.co.za
Johan Vosloo, ondervoorsitter, 083 440 5581 of jomil@mweb.co.za

TERUG NA INHOUD